Tema: Die sesde vrug van die Gees: God vul ons oorvloedig in Christus en die Gees sodat ons met goedhartige oorvloed kan uitdeel.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 199: 1, 3
Lied 200: 1, 3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied Ps. 145 - 2: 1, 4, 6
Votum
Seën
Loflied Ps. 68 - 1: 9, 13, 15
Geloofsbelydenis: HK Sondag 1 interaktief

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eksodus 20
Sing Ps. 65 - 2: 1, 5
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Galasiërs 5: 22
Gal. 6: 9 - 10
Titus 3: 4 - 7
2 Kor 9 : 6 - 15.
Fokusverse: Galasiërs 5: 22
Sing: Ps. 103 - 2: 1,2 (Kleuters gaan na hulle bediening);
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing Ps 112 - 2: 1,2,3
Gebed
Liefdegawes by die deure
Sing Ps. 23 - 2: 1,3
Seën
Amenlied Sb 13-1.

Geliefde brs en srs en kinders

Liefde, vreugde, vrede, geduld en vriendelikheid is die eerste 5 aspekte van die vrug of die werk van die Heilige Gees in ons lewe waarna ons tot dusver in ons reeks preke in diepte gekyk het! Een van die kosbaarste waarhede wat ons tot dusver in hierdie reeks ontdek het, is dat die Heilige Gees hierdie geestelike kwaliteite in ons werk sodat ek en jy op die bes moontlike wyse vir die wêreld kan wys wie God is!

Die Here het ons mos geskape om sy beeld in hierdie wêreld te wees! Ons lewe moet ŉ prentjie van God wees! Dit is mos wat God reeds in die eerste preek vir ons geleer het! Ons moet vir Hom vrugte dra! Hy is die Boer, Christus is die druiwestok en ons lote wat vrugte moet dra sodat God verheerlik kan word. Joh. 15: 8.

Daarom het ons by elkeen van hierdie aspekte geleer dat God die Bron van hierdie vrug van die Gees is! Dit is eienskappe van God wat Hy aan ons gee deur die Heilige Gees sodat ons meer en meer soos God kan wees! Dat God se beeld al hoe duideliker in ons gesien word.

(Wys skyfies 1 en 2)
Ons sou kon sê dat hierdie aspekte van die vrug van die Gees is soos die blokkies van ŉ legkaart wat die Heilige Gees in ons lewe pak sodat ons God se beeld kan vertoon. Met elke blokkie kan mense duideliker sien Wie God is!

Brs en srs, hierdie liefde, vreugde en vrede en geduld en vriendelikheid gee die Heilige Gees nie vir ons sodat ons daarmee kan spog nie! Om vir almal te wys wat se groot gelowiges ons is nie! Dat ons ons mense daarmee moet beïndruk nie!

Nee, ons dra dit sodat ons vir die mense kan wys hoe God is! God is liefde, God is vreugde, God is vrede ens., ens.

(Wys derde skyfie) Vandag kom ons by “goedhartigheid” as vrug van die Gees
(Wys skyfie 4) Tema van die prediking

Ons leer vandag met die sesde vrug van die Gees dat God ons oorvloedig in Christus en die Gees vul, sodat ons met goedhartige oorvloed kan uitdeel.

Ja hierdie “goedhartigheid” dui op ŉ gesindheid in my en jou hart waarmee ons vrygewig is met ons goedheid! Dit is ŉ gesindheid wat die Heilige Gees in my werk waarmee ek alles wat ek is en het, ruimhartig en met oorvloed met ander mense deel! Die klem met hierdie vrug van die Gees val op oorvloed, op oordadigheid, op vrygewigheid! Ek gee graag en ek graag ruim sodat jy al die voordeel daarvan kan geniet! Dit is wat goedhartigheid beteken!

Goedhartigheid as vrug van die Gees staan natuurlik direk in teenstelling met die werke van ons sondige natuur waarteen die Here ons in Galasiërs 5: 20 en 26 waarsku. Daar waarsku die Here ons dat ons nie “naywerig” of “afgunstig” teenoor mekaar moet wees nie! Dit beteken dat ek altyd jaloers is op wat ander het en dat ek niemand iets gun of vir iemand iets wil gee nie! Die wortel van so ŉ gesindheid is natuurlik “selfsug”! Dat ek alles wat ek het net vir myself wil hou en niks met niemand wil deel nie!

Nee so is ons as gelowiges nie! Ons is nie selfsugtige mense nie! Ons is nie jaloers op mekaar en wil mekaar niks gun nie! Hoekom nie? Want God is nie so nie! Nee, God ons Vader is goedhartig! Hy is vrygewig, Hy gee in oorvloed! Ons sing daarvan in Psalm 23 en 69 “Hy oorlaai ons dag vir dag met goeie dinge”! In Psalm 112 sing ons van God van oorvloed! Hy oorlaai ons met alles wat ons nodig het! So is God!

Ons lees dit in Efesiërs 1. 1. Kyk saam met my (Wys skyfie 5)
“[3] Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in
Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. [4] So het
Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en
onberispelik voor Hom te wees. [5] In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige
beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. [6]
Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan
ons geskenk het. [7] Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge
vergewe kragtens die ryke genade van God [8] wat Hy in al sy wysheid en insig so
oorvloedig aan ons geskenk het. “

**Meer nog geliefdes. God het vir ons sy Oorvloed gewys!** Dit het Hy gedoen deur ons Here Jesus Christus in hierdie sondige, selfsugtige wêreld te stuur, sodat Jesus ons met sy lewe kon wys wat “goedhartige oorvloed” is. Ons Here Jesus kom gee sy hele lewe vir ons sodat ons kinders van God kan wees en God se oorvloed hier op aarde kan wees! Jesus het nie net iets vir ons kom doen nie! Hy gee sy hele lewe – Hy gee alles in oorvloed!

Jesus sê in Johannes 15 vers 13: [13] Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.” Christus is dus die grootste liefde betoon! Hy in alles in oorvloed gegee met sy hele lewe op aarde sodat ek en jy God ons Vader se oorvloed kan beleef! Alles wat ek en jy nodig het en God ons wil gee, ontvang ons in oorvloed soos God dit gee!

Nou ontvang ons die oorvloed van God se liefde, genade, vergifnis, geloof, vreugde vrede, geduld en wat nog alles meer nie! Ons ontvang dit in oormaat sodat ons – ek en jy – dit met goedhartige oorvloed kan weggee! Dit is eenvoudig wie ons nou is! Dit is wie God ons in Christus gemaak het! Goedhartige mense! Dit is die werk van die Gees in ons lewe, dat ons ons van ons selfsug, afgunstigheid, jaloersheid en toe harte en hande kan bekeer sodat ons God se goedheid in oorvloed kan uitdeel!

Wat ons het om te gee, is nie ons eie nie! Dit kom van God en Hy gee dit in oorvloed aan ons sodat ons dit kan uitdeel! Die Heilige Gees werk God se gawes in oorvloed in ons lewe en ons moet dit vrygewig uitdeel!

ŉ Gelowige wat al die gawes van die Here vir homself of haarself hou is ŉ baba in die geloof! Hulle is soos klein kindertjies wat sê" myne" en nie met ander wil deel nie! Toe harte en hande is ŉ teken van geestelike onvolwassenheid waarmee ek alles wat God vir my gee, net vir my self hou! Ek sal dalk so ietsie weggee of deel! Ek sal dalk nog iets gee, maar nie baie nie! Nie goedhartig of vrygewig nie! Net ietsie!

Nee, geliefdes, as ons so optree, dan vertoon ons nie die beeld van ons Vader nie! Dan vertoon ons die beeld van ons eie sondige begeertes! Dan toon ons ons geloofonvolwassenheid! Dan wys ons ŉ valse beeld van God! Dan vertoon ons God as ŉ selfsugtige God met ŉ toe hart en toe hande!

Daarom bid Paulus in 2 Thess, 1:11 vir die gelowiges hierdie gesindheid van oorvloed toe: Hy skryf vir hulle : [11] Daarom bid ons ook altyd vir julle: Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag **julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof <u>volkome</u> maak."** Die Here moet hulle "liefde om goed te doen" "volkome" maak – dit tot volheid en oorvloed bring!

En dit is wat ek en jy ook elke dag moet bid! Here, wys my op u oorvloed in my lewe sodat ek ŉ goedhartige , oorvloedige en vrygewige mense kan wees! Dat mens u oorvloed in my lewe kan sien!

Paulus skryf net ŉ bietjie verder in Galasiërs die volgende: "Laat ons **dan nie moeg word om goed te doen nie**, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. [10] Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges."

Geliefde br en sr, moenie moeg word om goedhartig te wees nie! Hou aan om in oorvloed uit te deel! Dit is hoe God is en dit is hoe Hy wil hê ons moet wees!

Ons Here Jesus self leer ons dit in Lukas 6: 38 (Wys skyfie 6)

[36] Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is." [37] "Moenie oordeel nie, en oor julle sal nie geoordeel word nie. Moenie veroordeel nie, en julle sal nie veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word. [38] Gee, en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee. Met die maat waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word."

Sien julle hoe ons moet gee: ŉ goeie maat, ingestamp, geskud en propvol" Dit is goedhartigheid! Dit is hoe God vir ons gee en dit ons hoe ons moet weggee!

Daarom geliefde br en sr, mag ek jou hierdie vraag vra: Hoe sal die mense in die kring waarin jy leef, jou mis as jy nie meer daar is nie? Wat sal hulle van jou mis? Nee, nie van jou nie, maar van alles wat God deur jou vir hulle gegee het? Leef jy jou goedhartigheid so ruim en oorvloedig uit dat mense jou werklik sal mis as jy die dag nie meer daar is nie? Of is die invloed van jou goedhartigheid so skraal dat hulle jou nie sal mis nie!

God wil dat jy sy oorvloed wat Hy aan jou geskenk het, so ruim, gul en vrygewig weggee dat mense dat verskriklik sal mis as jy nie meer daar is nie! Wat dit ook al is wat mense nodig het: Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, geld en gawes, vergifnis, hoop, hulp, krag, gebede, jou aanraking en koestering, jou omgee en wat God ook al aan jou in skenk!

Gee dit: ingestamp, sakke vol geskud en propvol! Want dit is hoe God vir jou gee!

Ons het dit in 2 Kor. 9 gelees: [8]En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk."

Dit is in jou hande – hoe gaan jy dit weggee?

Amen